HOOFSTUK 1

# Die kanon en die Twaalf Artikels

Die vasstelling van die kanon en die Twaalf Artikels kan beskou word as die eerste „dogma" in die sin van 'n leerstellige belydenis wat die kerk vasgelê het.

## 1. Die kanon

Die feit dat die kerk 'n kanon van heilige geskrifte as basis van sy leer en prediking het, is van baie groot betekenis. Trouens, die betekenis van die kanon kan moeilik oorskat word. Waarskynlik het die Jodedom in 'n mate 'n voorbeeld gestel wat die kerk nagevolg het. Die Jode het die OT as kanon erken in die dae van Jesus. Die kerk het egter nie die OT as kanon net soos die Jode gesien nie – van die begin af het die Christene die OT anders as die Jode verstaan. Jesus self het dit al gedoen; dink maar aan sy: „Ek sê vir julle" in die bergrede, waar Hy die wil van God op 'n nuwe, gesagvolle wyse openbaar teenoor die Joodse opvatting van die OT. Vanweë hierdie feit kan ons nie die kerk se vasstelling van die kanon, beide wat die OT en die NT betref, bloot uit die voorbeeld van die Jodedom verklaar nie. Ons het in der waarheid hier te doen met die eerste fundamentele leerstellige beslissing.

### 1.1 *Die Ou Testament*

Gedurende die eerste honderd jaar van die kerk se bestaan het die kanon, streng geneem, alleen uit die OT bestaan. Teen 100 n.C. was al die geskrifte van die NT al in omloop en gebruik deur die kerk in die erediens, die kategese en vir die reëling van die orde van die kerk. Tog het die Evangelies en die Briewe van Paulus nie ten volle kanonieke status gekry voor diep in die tweede eeu nie. Die kerk het homself as die nuwe Israel verstaan en vasgehou aan die kanon wat die Jode gehad het. Tog het hulle nie gemeen dat hulle die OT met die Jode gemeenskaplik het nie. Hulle het eerder die OT as húlle boek beskou, 'n Christelike boek wat in sy geheel getuig van Jesus Christus. Daarom het hulle die Jode die reg ontsê om ook op die OT aanspraak

te maak (vgl. *Justinus die Martelaar* se *Dialoog met Trypho, die Jood*).

Die opvatting dat die OT nie aan die Jode nie maar aan die Christene behoort, was gegrond op 'n besondere interpretasie van die OT, naamlik dat die OT nie direk en letterlik nie, maar tog indirek van Christus getuig en dus 'n dieper sin en betekenis het as die letterlike. Hierdie dieper sin van die OT kan net gesien word as jy die OT lees vanuit die gesingspunt van sy vervulling in Christus.

*Twee metodes van Skrifuitleg* is deur die vroeë kerk gebruik om hierdie dieper sin van die OT bloot te lê.

(i) *Die allegoriese interpretasie.* Die kerk het hierdie metode oorgeneem van die Joods-Hellenistiese teoloë van Alexandrië, wat vóór Christus al hierdie metode gebruik het om sekere (na hul mening) „aanstootlike" dele van die OT 'n betekenis te gee wat vir die opgevoede Jode en belangstellende heidene aanvaarbaar sou wees. Die kerk het hierdie metode van Skrifuitleg oorgeneem en op sy eie ontwikkel. Die resultaat van hierdie eksegese was soms baie ver weg van die letterlike sin van die teks. (Vgl. *Origenes* se verklaring van Psalm 150, waar hy al die musiekinstrumente wat in daardie psalm genoem word, laat slaan op die gelowiges en hulle sielsgesteldheid!)

(ii) *Die tipologiese verklaring.* Hierdie metode is nie van die Jode oorgeneem nie, maar deur die kerk self ontwikkel. Die metode bly baie nader aan die letterlike sin van die teks as die allegoriese metode. Met behulp van dié metode kon die historiese lyn van die OT duidelik raakgesien word en kon aangetoon word dat die sin van 'n teks nie beperk is tot die tyd waarin dit ontstaan het nie maar ook heenwys na die toekoms. Hierdie metode van uitleg is gesien as ooreenkomstig die Goddelike plan van die geskiedenis, wat begin met die skepping en sal afsluit met die laaste oordeel, terwyl die openbaring van Jesus Christus die hoogtepunt vorm.

Gepaard met die aanvaarding van die OT as kanon en as boek van die kerk groei daar 'n eie, spesifieke kerklike interpretasie van die OT, en wel só dat die OT gelees word in die lig van die vervulling in Jesus Christus. Hierdie interpretasie was, as ons dit vergelyk met dié van die Jodedom, heeltemal nuut. Dié nuwe interpretasie van die OT in die lig van Jesus Christus was van die begin af in swang. Ons vind dit reeds in die evangelies, veral in Matteüs, waar telkens nadruk gelê word op die vervulling van die profesie (vgl. Matt. 2: 15, 23; 4 : 14–16; 8 : 17; 12 : 17–21; 13 : 35; 21 : 4–5; 26 : 56; 27 : 35). Ook Paulus onderstreep dikwels dat alles met Jesus gebeur het „volgens die Skrifte" (I Kor. 15 : 3–4). Dit is opmerklik dat Paulus, wat opgegroei het en geskool was in die rabbynse tradisie, meesal dieselfde

manier van Skrifuitleg as die rabbyne gebruik, maar onder leiding van die Gees telkens tot totaal ander konklusies kom.

Dit was veral ná die dood, opstanding en hemelvaart van Christus dat die dissipels leer verstaan het dat dit alles vervulling was van die OT.

Só het die eerste generasies Christene dan die OT gelees as hulle Bybel. Die *Brief van Barnabas,* wat teen ongeveer 135 in Alexandrië ontstaan het, vat die algemene oortuiging van die vroeë Christene goed saam met die volgende woorde: „The prophets, having obtained grace from Him, prophesied concerning Him." 'n Besonder mooi voorbeeld van die vroeg-Christelike interpretasie van die OT het vir ons bewaar gebly in die *Paashomilie* van *Melito van Sardis* (± 170). Dis 'n preek oor die uittog van die Jode uit Egipte (Ex. 12), waarin die paaslam tipologies geïnterpreteer word as siende op Christus, die ware Paaslam. Hy toon aan hoe die OT in die NT vervul is, dat die twee verskillend is en tog 'n eenheid vorm omdat dit in albei om Jesus Christus gaan. Hy druk dit uit in die pragtige sin, wat herinner aan Joh. 1:14 en soos volg lui: „The law became Word and the old became new, going forth together from Sion and Jerusalem, and command became grace, and the type became truth" (teks by *Lohse,* a.w., p. 26).

### 1.2 *Die groei van die Nieu-Testamentiese kanon*

Die kerk kon nie by die OT bly staan nie. Hoe groot die betekenis van die OT ook vir die vroegste kerk was, moet ons onthou dat hierdie kerk eintlik in aansien geroep is deur die prediking van Jesus en die Apostels. So is die evangeliewoord, selfs nog voordat dit neergeskrywe is, erken as gesagvolle Woord van God. Ons kry dus hier 'n groei in die erkenning van die Nieu-Testamentiese kanon vanaf die tyd dat dit 'n verkondigde woord was, totdat die geskrifte daargestel is en later deur die kerk saamgebundel is.

#### 1.2.1 *Die erkenning van die gesag van die NT*

Die kerk het van die begin af sekere woorde as gesagvol erken en aanvaar.

(i) *Die woorde van Jesus* het van die begin af 'n onvergelyklike gesag gedra in die lewe van die vroeë kerk. Het Jesus dan nie self gesê nie: „Die hemel en die aarde sal verbygaan maar my woorde sal nooit verbygaan nie" (Matt. 24:35)? Daarom kan Paulus ook sorgvuldig onderskei tussen sy eie mening en die woorde van die Here (vgl. 1 Thess. 4:15; 1 Kor. 7:10, 12, 25; en ook 9:15). Paulus

het die bindende gesag van hierdie woorde van die Here sonder meer erken.

(ii) *Die woorde van die Apostels* het ook van die begin af groot gewig in die kerk gedra. Hulle was tog niks minder as oor- en ooggetuies van Jesus Christus nie. En hulle gesag is deur Jesus self erken wanneer Hy sê: „Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het" (Matt. 10:40).

Naas hulle woorde is die geskrifte van die Apostels as oor- en ooggetuies van Christus ook eintlik van die begin af erken.

(iii) *Die Evangelies* is reeds so vroeg as die begin van die tweede eeu erken in hulle gesag as die finale norm om alle leerstellige verskille te besleg.

(iv) *Die briewe van Paulus* het ook 'n besondere betekenis in die lewe van die gemeente gehad – en dit reeds van die vroegste tye af. Hulle is in die erediens voorgelees en het self ook 'n grondslag vir die leer van die kerk geword.

So groei daar dus langs die Ou-Testamentiese kanon gaandeweg ook die kanon van die Nuwe Testament. Ons sien die groei nie alleen in die manier waarop die vroeë kerk die evangelies en die briewe van Paulus gebruik het nie, maar ons sien dit ook duidelik in die uitdrukkings wat daar in verband met die NT gebruik word. So word die gesagvolle uitdrukking, „daar is geskrywe" waarmee aanhalings uit die OT begin is, ook gebruik om te verwys na die woorde van Jesus. Ons sien hierdie verskynsels reeds so vroeg as ongeveer 135 n.C. in die *brief van Barnabas*. Die gebruik van hierdie uitdrukking in albei gevalle impliseer dat die woorde van Jesus net soveel gesag het as die Ou Testament.

Hoewel die wortels van die Nieu-Testamentiese kanon ver terug in die geskiedenis lê, selfs tot by die begin van die vorming van die Nieu-Testamentiese kerk, is dit moeilik om te sê wanneer hierdie proses van dogmavorming in die geskiedenis presies begin het. Daar is sekere aanduidings van dogmavorming reeds so vroeg as die begin van die tweede eeu. In die middel van die tweede eeu het hierdie proses versnel, mede deur die invloed van *Marcion*. Teen die einde van die tweede eeu praat *Irenaeus van Lyon* (oorl. ± 202) reeds van die „Nuwe Testament". Hy is die eerste skrywer wat die term „nuwe" vir die Nieu-Testamentiese kanon gebruik. Dit is egter interessant om daarop te let dat *Irenaeus* nog 'n onderskeid maak tussen die gesag van die evangelies en die gesag van Paulus se briewe. Ons sien dit daarin dat hy nie 'n enkele keer 'n woord van Paulus aanhaal met die gesagvolle uitdrukking „daar is geskrywe" nie.

Ons kan dus sê dat die kanon van die NT omstreeks die jaar

200 n.C. reeds vir die grootste deel deur die kerk erken is, en reeds in breë trekke sy beslag gekry het. Daar was nog enkele boeke waaroor daar onduidelikheid was, onder meer sekere van die Apostoliese Briewe en ook die Openbaring van Johannes. Gaandeweg het hieroor ook duidelikheid gekom, sodat die finale gestalte van die Nieu-Testamentiese kanon in die tweede helfte van die vierde eeu op 'n paar sinodes sy beslag gekry het. Ons sien ook hier weer hoe die Heilige Gees die kerk gelei het om die Woord van God te erken en dit ook vas te lê en uit te spreek in die vorming van die kanon.

1.2.2 *Die invloed van Marcion*
Daar word soms gesê dat *Marcion* hoofsaaklik verantwoordelik was vir die vorming van die Nieu-Testamentiese kanon. Hierdie stelling is egter oordrewe. Ook die stelling van *Von Harnack* dat *Marcion* die ontwikkeling van die kanon en die vasstelling daarvan beslissend beïnvloed het, moet ons as te vergesog afwys. Wat ons egter wel kan sê, is dat *Marcion* met sy eie kanon die vasstelling van die Nieu-Testamentiese kanon verhaas het deurdat hy die kerk daartoe gedwing het om hom rekenskap te gee van watter boeke kanoniek is. Ons sal hierdie stelling in hierdie paragraaf verder probeer toelig.

*Marcion* het, net soos die Gnostiek, die gedagte gehuldig dat die stoflike skepping minderwaardig is. Vanweë hierdie afkeer van die geskape werklikheid het hy die Ou Testament verwerp en gemeen dat Jesus slegs 'n skynliggaam gehad het. Met die oog op hierdie leer het hy dan sy kanon saamgestel waarin die Ou Testament heeltemal weggelaat is en waarin hy alleen die Evangelie van Lukas en die eerste tien briewe van Paulus as kanon geneem het. Hy het egter ook hierdie geskrifte gesuiwer van hulle Ou-Testamentiese en skeppingsmatige gedagtes. Hy het die Pauliniese gedagte van die onderskeiding tussen wet en evangelie aangegryp, en dit uitgebrei tot 'n antitese tussen die Ou Testament en die Nuwe Verbond. Hy het dan die Christendom beskou as 'n totaal nuwe godsdiens, 'n totaal nuwe openbaring van 'n vreemde God, wat heeltemal 'n ander God was as dié van die Ou Testament.

*Marcion* het sy kanon kort voor 150 n.C. vasgestel. Vandag is dit die oudste bekende vasgestelde kanon waarvan ons weet. Tog moet ons onthou dat die vorming van die Nieu-Testamentiese kanon reeds in hierdie tyd besig was om plaas te vind, en dat, vóór *Marcion* se optrede, die kerk reeds baie geskrifte van die Nuwe Testament as gesagvol aanvaar het. Die kerk het dus vóór *Marcion* reeds 'n bepaalde versameling Nieu-Testamentiese geskrifte as kanonieke en heilige geskrifte erken. Met die vasstelling van sy eie kanon het

*Marcion* egter ongetwyfeld die proses van kanonvorming verhaas, omdat hy die kerk gedwing het om hom rekenskap te gee van watter boeke hy as kanoniek sien en watter nie. Hy het die kerk gedwing om hom rekenskap te gee van sy houding teenoor die Ou Testament, teenoor die skepping, en ook teenoor die tradisie van die Nieu-Testamentiese geskrifte.

Die kerk het *Marcion* se leer en sy kanon radikaal afgewys. Hy is nie alleen in 144 n.C. uit die gemeente van Rome geëkskommuniseer vanweë valse leringe nie, maar ook sy verskraalde kanon is radikaal deur die kerk verwerp. Hierdie afwysing van *Marcion* word miskien die duidelikste weerspieël in die woorde van *Irenaeus*, waar hy eersgenoemde tipeer: „Moreover he mutilated the Gospel according to Luke, removing all the narratives of the Lord's birth, and also removing much of the teaching of the discourses of the Lord wherein he is most manifestly described as acknowledging the Maker of this Universe to be his Father. Thus he persuaded his disciples that he himself was more trustworthy than the Apostles, who handed down the Gospel; though he gave to them not a Gospel but a fragment of a Gospel" (*Adv. Haer.* 1, 27, 2). Teenoor *Marcion* het die kerk bly voortwandel op die weg waarop hy onder leiding van die Heilige Gees reeds begin wandel het: daar is vasgehou aan die Ou Testament, aan die skepping, terwyl die volle rykdom van die Nieu-Testamentiese geskrifte uiteindelik in hulle kanonisiteit tydens verskillende konsilies deur die kerk erken is.

1.2.3 *Die betekenis van die vasstelling van die kanon*

Hierdie besluit van die kerk kan moeilik in sy belangrikheid en betekenis oorskat word. Die kerk het met die vasstelling van die kanon nie net self duidelikheid gekry oor die gesag van die Nuwe Testament en watter boeke hierin deel nie, maar het ook in die radikale afwysing van *Marcion* duidelikheid gekry oor die geloof en die leer waaraan vasgehou moes word.

(i) Met die erkenning van die kanonisiteit van die NT het die kerk terselfdertyd erken dat hierdie geskrifte voortaan die basiese norme van leer, lewe en die kerklike orde sou vorm.

(ii) Met die vashou aan die hele Nuwe Testament het die kerk sy eie posisie versterk om die Ou Testament en die skepping te bly erken. Dit beteken allereers *negatief*: die Gnostiese en Marcionitiese onderskeiding tussen God as Skepper en 'n ander God as Verlosser, met die gepaardgaande degradering van die skepping en die liggaamlikheid van die mens, is totaal deur die kerk verwerp. *Positief* beteken dit: die kerk erken die eenheid van die Ou en die Nuwe Testament

as die openbaring van die één God; dat hierdie Ou en Nuwe Testament die fundamentele norm vir die kerk is; dat, ten spyte van die sonde, die skepping as sodanig goed geskape is, en dat daar 'n eenheid is tussen die volk van die Ou Verbond en die kerk van die Nuwe Testament.

(iii) In die lig van hierdie oorweginge kan ons dus sê dat die vasstelling van die kanon van die NT inderdaad 'n geloofsbeslissing van die kerk was. Daarom sê *Lohse* tereg dat ons hier met die eerste konfessionele beslissing te doen het. Hy som dit soos volg op: „It is thus no exaggeration to say that the fixing of the New Testament canon represents a basic dogma of the church; it is, it represents a witness to the revelation of God in Jesus Christ, one on which all later doctrinal decisions are based and which, in fact, makes these decisions possible" (a.w., p. 29).

(iv) Die vasstelling van die kanon van die Nuwe Testament stel ook dat alleen hierdie geskrifte as geldig en bindend deur die kerk erken word, en dat húlle alleen ons kennis van die openbaring van God in Jesus Christus en van ons saligheid gee. Geen ander geskrifte van mense, hoe diepsinnig hulle ook mag wees, kan dieselfde gesag as dié heilige en kanonieke geskrifte hê nie. Hierdie dogma is 'n basiese dogma vir feitlik die hele Christendom (vgl. art. 7 NGB).

### 1.3 *Skrif en tradisie*

Waar die evangelie aan die heel begin mondeling, hoofsaaklik deur die prediking, oorgedra is, het dit gaandeweg skriftelik gestalte gekry in die vorm wat ons vandag as die geskrifte van die Nuwe Testament ken. In die begin, dit wil sê gedurende die eerste 150 jaar van die kerkgeskiedenis, het die mondelinge en skriftelike oorlewering hand aan hand gegaan. Daar is nooit gevra na die verhouding tussen die twee nie, en dit was vir die vroegste kerk geen probleem nie. Hierdie posisie tref ons aan by die Apostoliese Vaders, en selfs nog by die Apologete, wat ons dan bring tot by die middel van die tweede eeu. Vir hierdie mense is Skrif en tradisie nooit as opponente gesien nie en is hulle ook nooit van mekaar losgemaak nie. Hierdie vroeë Christelike skrywers was oortuig dat die Christelike geloof nie alleen 'n stel waarhede van die geloof bevat nie maar ook 'n bepaalde stel lewenspatrone, wat van die Apostels en ten slotte ook van Jesus Christus self afkomstig was. Daarom kan *Justinus die Martelaar* eenvoudig sê dat die hoofsaak is „to follow God and the doctrines delivered by Him". Op 'n ander plek sê hy dat Christus ons leermeester is, sonder om die vraag te beantwoord op watter manier hierdie leer oorgedra is.

Met die vasstelling van die Nieu-Testamentiese kanon het daar egter 'n verandering in die toestand ingetree. Die kerk was nou genoodsaak om rekenskap te gee van die verhouding van die tradisie ten opsigte van die Skrif. Dit is dan opmerklik dat daar in die tyd van die vasstelling van die kanon reeds 'n spesifieke begrip van die tradisie in die kerk sigbaar was. Hierdie nuwe begrip van die tradisie is, net soos die besinning oor die kanon, in 'n groot mate bepaal deur die stryd teen die Gnostiek. Ons het reeds gesien dat die proses van kanonvorming versnel is deur die optrede van *Marcion*, met sy gnostiese devaluasie van die stoflike wêreld en die verskraalde kanon wat hy ten gevolge daarvan na vore gebring het. Afgesien van *Marcion* se optrede het die Gnostici hulle beroep op 'n geheime tradisie wat teruggaan na die tyd tussen die opstanding en die hemelvaart van Christus. Om hierdie bedreiging van die Gnostiek af te weer, het die kerk twee weë bewandel.

*Ten eerste* was die kerk gedwing om rekenskap te gee van die maatstaf vir die kanonisiteit van die geskrifte. Die kerk het gevind dat die beslissende maatstaf die *ouderdom* van die geskrifte is. Daarom is alleen geskrifte wat van die Apostels afkomstig is, as kanoniek aanvaar en erken. Hiermee het die kerk 'n sterk wapen in die hand gehad om die Gnostiek te bestry. Tog was dit nie voldoende nie, want spoedig het die Gnostici hulle ook op die Skrif begin beroep. So was sommige van die Gnostici die eerste mense wat kommentare op die Heilige Skrif die lig laat sien het. Ons dink hier aan die verklaring van die Johannes-evangelie deur *Heracleon*, 'n dissipel van *Valentinus*, teen die middel van die tweede eeu. Om hierdie nuwe bedreiging van die Gnostiek af te weer, moes die kerk dus meer doen as om net bloot sommige boeke in die kanon in te sluit. Die kerk was gedwing om hierdie boeke ook te interpreteer, en om rekenskap te gee van die beginsels waarvolgens hierdie boeke uitgelê moes word.

Só kom die kerk dan *ten tweede* daartoe om die apostoliese tradisie te omlyn as norm waarvolgens die Skrif geïnterpreteer moet word. Dié ware tradisie is gestel teenoor die valse geheime tradisie waarop die Gnostici hulle beroep het. Daarom vind ons by die hoofbestryders van die gnostiek, naamlik *Irenaeus* en *Tertullianus*, 'n besondere beklemtoning van die tradisie. Hulle het egter nie die tradisie bo die Skrif verhef soos soms beweer word nie, maar hulle het die tradisie beskou as die opsomming van die geloof en die gesagvolle lig waarin die Skrif verklaar moet word.

Teen die einde van die tweede eeu gebruik *Irenaeus* nog soms die begrip tradisie in die omvattende sin van die woord, naamlik as

aanduiding van die oorlewering van die hele Christelike geloof. Dit omvat dus beide die geskrewe en die gesproke tradisie. Soms maak hy egter van 'n enger begrip gebruik en sien hy die tradisie veral as die mondelinge oorlewering wat die kerk van die Apostels ontvang het. Hierdie onafhanklike tradisiebegrip, soos *Irenaeus* dit begin ontwikkel, is egter altyd (i) openbaar en nooit geheim nie; (ii) deur die Gees gewerk; en (iii) nooit in teenspraak met die geskrewe tradisie nie, omdat albei van die Apostels afstam.

So begin daar in die kerk 'n aparte tradisiebegrip groei, wat hoofsaaklik op die mondelinge tradisie sien, en wat veral in die stryd teen die Gnostiek na vore getree het. Tydens die afsluiting van die Nieu-Testamentiese kanon in die vierde eeu was hierdie tradisiebegrip reeds deur die kerk gepresiseer. Vervolgens moes die kerk hom rekenskap gee van die verhouding van die Skrif en die tradisie. Met die vasstelling van die kanon was die verhouding só: die mondelinge tradisie is gesien as 'n verklaring van die Skrif, veral van die moeilike dele in die Skrif, terwyl die Skrif gesien is as die norm vir die tradisie.